AIM WILD Expo 2012

30 MAART - 1 APRIL 2012

PRETORIA

www.aim-wildexpo.co.za

Wild, Jag, Hengel en Buitelewe • Heartfelt Arena, Thaba Tshwane

Beste Meneer/Mevrou

AIM & WILD EXPO, 2012

Die reuse sukses van die Aim & Wild Expo in 2011 het 'n duidelike aanduiding gegee dat besoekers hou van die formaat en die vermaak wat aangebied word by hierdie geleentheid en daarom poog ons om van die 2012-geleentheid weer eens iets besonders te maak.

Ons nooi u graag hartlik om uit te stal by die Aim & Wild Expo, wat vanjaar van 30 Maart tot 1 April by die Heartfelt Arena in Thaba Tshwane aangebied word. Hierdie ligging is ideaal omdat dit maklik toeganklik is, fantastiese fasiliteite het en van die beste sentrums in Pretoria is vir die aanbied van so 'n geleentheid.

Aim & Wild Expo is die ideale bemarkingsgeleentheid vir 2012. Dit bied 'n platform waar u kliënte van aangesig tot aangesig kan ontmoet, met potensiële kopers kan gesels, u handelsmerk kan bevorder en verkope kan stimuleer. Aim & Wild Expo word bemark aan natuur- en buitelewe-entoesiaste, diereliefhebbers, jagters, hengelaars, wildboere, bewaringsagente en 4x4-geesdriftigtes – ons besoekers is ernstig oor die natuur!

Die uitstallings word aangevul deur demonstrasies, kompetisies en inligtingsessies, wat wissel van stap tot reptiele tot 4x4 hanteringsvaardigheid en baars en karp vang. Daar sal ook vir oud en jonk vermaak wees, met eetgoed om elke smaak te bevredig en wyn en bier van die kleiner wynmakers en brouers.

Aim & Wild Expo verwag nagenoeg 14 000 besoekers in 2012. Ons gaan weer meer as R100 000 se pryse vir besoekers aanbied en poog werklik om lewendige, interaktiewe uitstallings in alle dissiplines aan te bied, met volop vermaak vir die jongklomp!

'n Omvattende media- en reklameveldtog sal die Aim & Wild Expo bekendstel en ons nooi u om deel te wees van die aksie en om die voordele van deelname aan die uitstalling te benut. 'n Aansoekvorm en tariefkaart is aangeheg en ons sien uit daarna om u as uitstaller te verwelkom.

Vriendelike groete

HANLIE DELPORT
Geleentheidsbestuurder: Aim & Wild Expo

Tariefkaart

Uitstalling:

3 x 3 (9m²) = R 9 234 per standplaas
4 x 3 (12m²) = R12 312 per standplaas
6 x 3 (18m²) = R18 468 per standplaas

(BTW is ingesluit)

2. Slegs ruimte (bou self stalletjie)

Tafel en 2 stoele alleenlik = R 1 881 per standplaas
3 x 3 (9m²) = R 7 980 per standplaas
4 x 3 (12m²) = R10 659 per standplaas
6 x 3 (18m²) = R15 846 per standplaas

3. Buite-uitstalruimte (slegs spasie, geen gazebo of krag)

5 x 5 (25m²) = R 6 840 per standplaas
5 x 10 (50m²) = R10 260 per standplaas
5 x 20 (100m²) = R13 680 per standplaas
Tot 500m² = Tot 50% afslag

(BTW is ingesluit)

Advertensie:

Elke uitstaller ontvang 'n enkelreëlinsluiting in die amptelike **AIM & WILD EXPO GIDS.** Advertensieruimte is egter ook beskikbaar in die gids, en wel teen die volgende tariewe:

Volkleur, volblad = R2 000
½ bladsy, volblad = R1 000
¼ bladsy, volblad = R 500

Volblad, swart en wit = R1 500
½ bladsy, swart en wit = R 800
¼ bladsy, swart en wit = R 350

Kunswerkgroottes is: A5 148mm breed x 210mm hoog *(trim)*
154mm breed x 216 mm hoog *(bleed)*

Ander geleenthede:

1. Besoeker-sakinvoegsels R2 500 per maatskappy
2. Inligtingskiosk-aankondigings R 25 per aankondiging van 30”

Besoekersprofiel:

- Bosherbergeienaars
- Veerwildjagters
- Boogjagters
- Hengelaars
- Algemene publiek
- Buitelewe-entoesiaste
- Toeriste
- Jagters
- Jagondernemers
- Kampeerders
- 4x4-eienaars
- Wildboere

Uitstallersprofiel:

- Gewere en jagbybehore
- Boë en jagbenodighede
- Wildbedryfprodukte
- Kampeertoerusting
- Buitelewe-produkte
- 4x4-toerusting en voertuie
- Visstokke, bote en hengelgerei
- Kamoefleerdrag
- Taksidermiste
- Klerasie
- Bestemmings
- Vleisverwerking
- Verwerkte produkte
- Speserye
- Troeteldiere en jaghonde
- Skoene en kopbedekking
- Versekering vir buitelewe-aktiwiteite

Wie behoort uit te stal:

- Reisagente
- Navigeerstelsels
- 4x4-toebehore
- Spanbou-aktiwiteite
- Dendrologiese verenigings
- Eiendomme
- Wapenhandelaars
- Hengelhandelaars
- Vierwielmotorfietse
- Buitelewe-aktiwiteite
- Boskosidees
- Opleidingsinstansies
- Bewaarders
- Wildafslaers
- Boog handelaars
- Gesondheid vir wild en mense in die bos
- Boeke en filmmateriaal oor jag, hengel en veerwild

Vloerplan:

AIM & WILD EXPO word aangebied by die Heartfelt Arena. Die nuutste vloerplanne is op www.aim-wildexpo.co.za beskikbaar.

Ure en koste:

Datums en tye
Vrydag, 30 Maart 2012 09:00 – 19:00
Saterdag, 31 Maart 2012 09:00 – 18:00
Sondag, 1 April 2012 10:00 – 16:00

Toegangsgelde:

Volwassenes R50 per persoon
Laerskoolkinders R20 per persoon
Parkering Gratis

** Hierdie fooi gee besoekers toegang tot die uitstallings, demonstrasies en openbare besigtingsareas. Deelname aan enige van die aktiwiteite (4x4, boogskiet, hengel) sal vir die besoeker se eie rekening wees.

Besprekingsvorm

Hierdie dien as Uitstallerskontrak tussen AIM & WILD EXPO (die organiseerder) en

AFDELING A: DIE UITSTALLER

Maatskappynaam:		BTW nommer:	
Posadres:			
Stad:		Poskode:	
Telnommer:		Faksnommer:	
Kontakpersoon:		Selnommer:	
E-posadres:		Webadres:	
Standplaasnaam: (maks 25 karakters):			

AFDELING B: UITSTALPAKKET BESPREEK

Pakketopsies:

1. Standaard (muurpanele, matte, ens.)

☐	3 x 3 (9m²)	=	R 9 234 per standplaas	☐	4 x 3 (12m²)	=	R12 312 per standplaas
☐	6 x 3 (18m²)	=	R18 468 per standplaas				

2. Slegs ruimte (bou self stalletjie)

☐	Tafel en 2 stoele	=	R 1 881 per standplaas	☐	3 x 3 (9m²)	=	R 7 980 per standplaas
☐	4 x 3 (12m²)	=	R10 659 per standplaas	☐	6 x 3 (18m²)	=	R15 846 per standplaas

3. Buite-uitstalruimte (slegs ruimte, geen gazebo of krag)

☐	5 x 5 (25m²)	=	R 6 840 per standplaas	☐	5 x 10 (50m²)	=	R10 260 per standplaas
☐	5 x 20 (100m²)	=	R13 680 per standplaas	☐	Tot 500m²	=	Tot 50% afslag

SUB TOTAAL: B BTW ingesluit

AFDELING C: ADDISIONELE BESPREKING (advertensie)

Elke uitstaller ontvang 'n enkelreëlinsluiting in die amptelike AIM & WILD EXPO GIDS. Advertensieruimte is egter ook beskikbaar in die gids, en wel teen die volgende tariewe:

Volblad, volkleur	=	R2 000	☐	Volblad, swart en wit	=	R1 500	☐
½ bladsy, volkleur	=	R1 000	☐	½ bladsy, swart en wit	=	R 800	☐
¼ bladsy, volkleur	=	R 500	☐	¼ bladsy, swart en wit	=	R 350	☐

Kunswerkgroottes is: A5 148mm breed x 210mm hoog *(trim size)* ☐ 154mm breed x 216 mm hoog *(bleed)* ☐

Ander geleenthede:

1. Besoekersakinvoegsels = R2 500 per maatskappy ☐
2. Inligtingskiosk-aankondigings = R 25 per aankondiging van of 30" ☐

B + C = BTW ingesluit

AIM & WILD EXPO sal u kontak indien u enige bespreking uit Afdeling C maak om 'n aparte ooreenkoms met u te sluit.
Bankbesonderhede: Aim & Wild Expo, ABSA, Rekeningnommer: 4074917021

AFDELING D

Ek verklaar hiermee dat ek die **terme en voorwaardes van AIM & WILD EXPO** gelees het en dat ek daartoe instem. Ek is gemagtig om hierdie bespreking namens my maatskappy te maak en verstaan dat ons vir die betaling verantwoordelik bly in ooreenstemming met die terme en voorwaardes.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2012

_____ _____

Klientnaam Handtekening

FAKS ASB DIE VOLTOOIDE BESPREKINGSVORM
NA 086 547 3701 / 012 348 5551

Terme en voorwaardes vir uitstalling en deelname aan die AIM & WILD EXPO 2012

1. Inleiding

Uitstallers word versoek om aan die algemene voorwaardes gehoor te gee aangesien dit tot voordeel van die uitstallers, organiseerders en die publiek is.

2. Bespreking van stalletjies en betaling

a) Die getekende Besprekingsvorm wat aan AIM & WILD EXPO (Edms) Bpk teruggestuur word, sal as 'n wettige en bindende ooreenkoms met AIM & WILD EXPO (Edms) Bpk beskou word.
b) Uitstallers moet 50% deposito betaal met ondertekening van die besprekingsvorm. Die balans moet twee weke voor die aanvang van die geleentheid ten volle betaal wees. Geen ruimte sal sonder bewys van betaling bevestig word nie.
c) Daar bestaan geen bindende ooreenkoms sonder 'n getekende aansoekvorm nie. Nie-betaling sal as kansellasie hanteer word en die uitstaller sal steeds vir die betaling verantwoordelik wees.
d) Die organiseerders behou die reg voor om standplase toe te ken en onbetaalde ruimte te herverhuur asook die reg om enige aansoek om deelname te weier, sonder verskaffing van redes.
e) Tjeks/Elektroniese oorbetalings moet ten gunste van AIM & WILD EXPO (Edms) Bpk wees en kan gedeponeer word in ABSA rekening 4074917021.

3. Skade aan uitstallings en die lokaal:

Uitstallers sal vir enige skade wat tydens die AIM & WILD EXPO mag voorkom aanspreeklik gehou word, hetsy ten opsigte van die opbou en afbreek van standplase, vervoer of hantering van hulle toerusting by die lokaal. Uitstallers is self verantwoordelik vir die sertifisering van tydelike strukture en konstruksie wat nie deur die amptelike verskaffers van AIM & WILD EXPO hanteer word nie. Uitstallers moet toesien dat hulle voldoende versekering het vir die geleentheid en dat hulle personeel en toerusting gedek sal wees in geval van 'n onvoorsiene gebeurlikheid.

4. Kansellasie

Kansellasies moet skriftelik gedoen word. Uitstallers wat kanselleer sal 25% van die totale bedrag verloor/of daarvoor aanspreeklik bly. Nie-betaling en uitstallers wat nie opdaag nie, kwalifiseer nie as 'n kansellasie nie en enige uitstallers wat hieraan skuldig is, sal vir volle betaling aanspreeklik bly.

5. Terugbetaling

Geen terugbetaling sal gemaak word as die AIM & WILD EXPO ontwrig word deur 'n onbeheerbare natuurfrats/ voorval van *force majeure* of weersomstandighede nie. Enige ander terugbetalings sal eers ná afloop van die AIM & WILD EXPO gemaak word.

6. Onderverhuring van standplase

Uitstallers word nie toegelaat om ruimte te onderverhuur of om enige deel van die standplaas te deel met 'n ander uitstaller sonder die skriftelike toestemming van die organiseerders nie.

7. Sekuriteit

a) Dit is in belang van uitstallers om te alle tye gedurende die Expo 'n verteenwoordiger op die standplaas te hê.
b) Sekuriteitswagte sal deur die Organiseerders aangestel word maar hulle neem geen verantwoordelikheid vir enige verlies van eiendom, toerusting of standplase nie.
c) Alle uitstallers word versoek om vir hulle eie veiligheid verantwoordelik te wees gedurende die geleentheid en om sekerheidspersoneel deurentyd ingelig te hou.

8. Verlies en skade aan eiendom

AIM & WILD EXPO (Edms) Bpk sal nie vir enige verlies van eiendom of toerusting verantwoordelik wees nie.

9. Openbare Aanspreeklikheid

Dit is in die uitstaller se eie belang om openbare aanspreeklikheidsversekering vir die AIM & WILD EXPO uit te neem.

10. Alkohol, verversings en kos

Dit is onwettig om drank te bedien aan persone onder die ouderdom van 18 jaar. Moet asb nie drank aan minderjariges bedien nie. Uitstallers wat wyn en bier verkoop of vir proe aanbied moet toesien dat streng beheer toegepas word. Enige misstap in terme hiervan sal lei tot die onmiddellike opskorting van die Organiseerder se gebruik van die lokaal se dranklisensie. Skriftelike instemming moet van die Organiseerder verkry word vir die uitdeel en versprei van gratis proestukkies en produkte.

11. Bykomende instruksies en regulasies

Uitstallers stem in om gehoor te gee aan enige addisionele instruksie en regulasie wat van toepassing mag wees tydens die opbou, bedryf en afbreek van die EXPO soos vervat in die handleiding.

12. Aanspreeklikheid

Die verteenwoordiger wat namens die maatskappy teken, verbind hom/haar hiermee as borg en is saam met die maatskappy mede-aanspreeklik vir die skuld en alle betalings verskuldig deur die uitstaller aan AIM & WILD EXPO.

13. Volledige ooreenkoms

Hierdie ooreenkoms konstitueer die volle ooreenkoms tussen die partye met betrekking tot die onderwerp en geen wysiging, byvoeging, afwyking of instemming tot kansellasie sal van enige waarde wees tensy dit in skrif is en deur beide partye onderteken is nie. Geen ander terme of voorwaardes, voorstellings en waarborge, hetsy mondeling of skriftelik, en hetsy uitdruklik of by implikasie, sal van toepassing wees nie.

14. Kansellasie of uitstel

AIM & WILD EXPO (Edms) Bpk behou die reg om die EXPO te kanselleer, verkort of uit te stel vir welke rede ook al. In geval van kansellasie deur die Organiseerders sal alle gelde wat betaal is ten volle terugbetaal word. 'n Behoorlike verduideliking sal minstens 'n maand voor die EXPO datum aan u gestuur word. Die Organiseerder sal nie verantwoordelik wees vir enige koste of uitgawes wat deur uitstallers aangegaan is nie.

15. Uitstalling/Saaluitleg

AIM & WILD EXPO (Edms) Bpk behou die reg voor om die uitleg van die uitstalling te verander en die finale plasing van standplase te wysig as die finale verkope van ruimte/vereistes van die lokaal of owerhede dit vereis.

16. Organiseerders

AIM & WILD EXPO (Edms) Bpk, Posbus 35299, Menlopark, 0102

Kontakte:

Hengel, voertuie, bote & buitelewe
Linda 084 515 8620
marketing@aim-wildexpo.co.za

Lindie 012-348 5550
lindie@wildlifehunt.co.za

Wildboerdery, wildlewe, energie & bewaring
Jan van der Walt 012-348 5550
janlouis@wildlifehunt.co.za

Hennie van der Walt 012-348 5550
hennie@wildlifehunt.co.za

Vuurwapens, boë, jag en toebehore
Pierre 082 454 3018
adventure@aimshow.co.za

Administrasie en finansies
Wendy 012-3485550
wendy@wildlifehunt.co.za

Algemene navrae
Hanlie Delport 082 908 2295
info@siyakula-events.co.za

ENGLISH IS AVAILABLE ON WWW.AIM-WILDEXPO.CO.ZA